CAMBRIDGE
International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2024**

TRANSCRIPT **Approximately 35-45 minutes**

This document has **8** pages.

© Cambridge University Press & Assessment 2024 

TRACK 1

**E** Cambridge IGCSE
November 2024 examination in Afrikaans as a Second Language
Paper 2 Listening

Turn over now.

PAUSE 00’05’’

TRACK 2

SIGNAL

**V** **Oefening 1**

Luister na die praatjie van ‘n natuurliefhebber, Justin Willemse.

Beantwoord die vrae deur ’n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die praatjie twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

**M** Ek het in ’n gebied van Kaapstad grootgeword waar die lewe soms moeilik was. Ons was arm, maar een van my hoogtepunte was om saam met vriende in die pad sokker te speel. Dit was ook altyd vir my lekker om deur my ma se kamervenster bo in die huis na Tafelberg te kyk. Die berg was van kleins af vir my pragtig.

Toe ek ouer word, het ander dinge in die gemeenskap, veral bendes, my begin interesseer. Ek het baie gehou van hulle manier van loop en praat en wou self deel wees van ’n bende. In een stadium was ek vasgevang in bendebedrywighede, en het saam met hulle verkeerde dinge aangevang.

PAUSE 00’05’’

Ek het gevoel ek was nie op die regte pad nie. Toe ek in gr. 10 was, het my suster, Kathleen, my gelukkig aan ’n ander omgewing blootgestel nadat sy ’n nuwe werk gekry het. Ek het óók inspirasie op ander plekke probeer vind, en ander dinge begin doen as tevore.

Ná matriek het ek begin leer om ’n elektrisiën te word, maar nadat ek ’n jaar met hierdie kursus besig was, sien ek eendag ’n advertensie in ’n koerant dat Tafelberg Nasionale Park studente soek om opgelei te word as gidse. Omdat ek nog altyd lief was vir die berg, het ek aansoek gedoen en ’n onderhoud gekry. Ek het nie eens geweet wat om aan te trek vir die onderhoud nie, en het toe maar op tekkies, jeans en ’n T-hemp besluit. Wonder bo wonder is ek aanvaar!

Ek het my werk só geniet, dat ek later selfs gestudeer het om ’n avontuur-en-kultuurgids te word. Nou werk ek permanent as ’n gids op Tafelberg, en beheer ook dikwels die kabelkar. Ek geniet dit om mense van oor die hele wêreld te ontmoet en om hulle op en af teen die massiewe berg te neem. Tafelberg vra nie wie jy is of waar jy vandaan kom nie. Jy kan van enige plek af kom. Almal is welkom om ons berg se skoonheid te geniet.

© Cambridge University Press & Assessment 2024 

PAUSE 00’05”

Ek ly aan epilepsie en gebruik medikasie daarvoor. My dokter het gesê dit kan gevaarlik wees om op jou eie sulke afgeleë roetes te stap as jy aan hierdie siekte ly. Maar vandat ek so baie op Tafelberg stap, het my gesondheid verbeter. Ek voel nou kalmer en kry ook minder aanvalle. Ek klim soms selfs teen steiltes uit!

Onlangs het ek ook ’n projek begin om geld in te samel vir kinders wat aan epilepsie ly. My plan is om vanjaar 30 keer een van Tafelberg se bekendste roetes, die Platteklip-ravyn, te klim. Mense skenk geld vir my projek elke keer wanneer ek dit doen. Sover het ek die ravyn al 15 keer geklim.**

PAUSE 00’05”

**V** Jy sal die praatjie nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **

PAUSE 00’20”

TRACK 3

SIGNAL

**M** **Oefening 2**

Jana Nel werk vir ’n kunstydskrif. Sy praat met Rufus Wessels, ’n skilder.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00

* SIGNAL

**V** Rufus, vertel my ’n bietjie van jou unieke leefwyse. Ek hoor daar is ongeveer 4000 van jou skilderye van plase oral in Suid-Afrika!

**M** Ek trek rond tussen plase, en skilder plaashuise. Ek hou veral van die ou huise, want ek voel hulle is deel van ’n leefstyl wat uitsterf. My ou gewillige karretjie vat my altyd waar ek moet wees. Die bagasiebak sluit ek met ’n slotjie toe – darem beter as niks!

PAUSE 00’05”

**V** Hoe ervaar jy die mense op plase wat jy besoek?

**M** Party boere vra my spesiaal om te kom skilder; ander jaag my weer weg. Ek is al uitgeskel as boemelaar en kansvatter. Onlangs het ek by ’n plaashuis aangekom, en ’n seuntjie op die stoep gevra om sy ma te roep. ’n Rukkie later kom hy terug en sê: “My ma sê sy is nie hier nie.” Maar ek huil nie oor sulke mense se reaksie nie. Nee wat, ek skud eerder my kop en lag.

© Cambridge University Press & Assessment 2024 

**V** Besoek jy altyd eers die plaashuis voordat jy dit skilder?

**M** Soms gebruik ek net foto's, maar ek verkies om eers self die plek te sien. Dan kry ek die gevoel daarvan baie beter.

**V** Hoeveel kos jou skilderye?

**M** Ek het ’n vaste prys van R300. Party boere wil egter nog minder betaal en probeer vergeefs om te onderhandel! Ander boere dring weer daarop aan om vir my ’n ietsie ekstra te gee, wat ek waardeer, maar ek is tevrede met my prys.

PAUSE 00’10’’

**V** Waar was jou eerste plaas?

**M** Byna twintig jaar gelede het ek ’n pragtige plaashuis sowat 15 km van Clanwilliam af, op pad na die Sederberge geskilder. “Maak hom,” het die boer gesê. Toe maak ek hom in olieverf op die doek.

**V** En waar slaap jy snags as jy so rondgaan?

**M** Ek slaap maar waar ek blyplek kry. My lewe is eenvoudig, want ek beplan nie graag vooruit nie. Dikwels kry ek verblyf gratis terwyl ek skilderye van die plaashuise maak. Ek het gewoonlik net een of twee dae nodig vir ’n kunswerk.

**V** En as die skildery klaar is?

**M** As dit ’n bestelling is, lewer ek dit af. Ek ry juis netnou om ’n skildery in Swellendam te gaan afgee. Gister het ek nog ’n ent van die huis af met my esel en palet daaraan gesit en skilder. Van daardie plek af is die uitsig pragtig. Die boer het dit self gekies.

**V** Het jy jou lewe lank kuns gedoen?

**M** Nee, ek het by die Spoorweë gewerk tot ek afgedank is. Daarna was geld maar min. Ek het toe kunsklasse begin neem, want ek het geweet ek is bekwaam met verfkwasse en verf, en het gedink ek kan dit gebruik om ’n bestaan te maak.

PAUSE 00’10’’

**V** Skilder jy net huise op plase?

**M** Ek konsentreer wel op plaashuise, maar in my portefeulje sal jy ook ander tonele sien, soos die hawe van Lambertsbaai en ’n landskap by Potchefstroom. Ek skilder ook soms mense, soos die boer se kinders. Ek skep iets persoonliks. Dis waarom mense my skilderye koop.

**V** Baie dankie vir die gesprek, Rufus. Alle voorspoed vorentoe. Ek hoop jy kry baie navrae van boere nadat hulle ons artikel gelees het. **

PAUSE 00’05’’

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **

PAUSE 00’20’’

TRACK 4

SIGNAL

**V** **Oefening 3**

Jan de Goede gesels met ’n professionele fotograaf, Lerato Kolisie.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

**M** Lerato, ek het verlede week ’n digitale kamera by my oom gekry. Dis mos skoolvakansie, en ek het nou kans om daarmee te oefen. Soos almal neem ek baie foto’s met my selfoon, maar hierdie hipermoderne kamera is ’n ander storie.

**V** Ja, jou selfoon kan mooi foto’s neem; ek gebruik myne ook, maar nie vir my beroep nie. Wanneer ek byvoorbeeld trou-, sport- en groepfoto’s moet neem, is my selfoon onvoldoende en gryp ek my regte kamera. Ek word betaal om my kreatiewe talente te gebruik, dus moet my werk op standaard wees. Daarom soek ek steeds na maniere om my vaardighede te verbeter en myself uit te daag en daarvoor het jy ’n hoëkwaliteitkamera nodig.

**M** Ek wil graag alles van my kamera verstaan om goeie foto’s te neem. Dis een van die plesiere in die lewe wat ’n mens ook met ander kan deel. Ek besef om ’n goeie kamera te hê, maak nie van jou ’n goeie fotograaf nie. Daarom is ek bereid om te leer.

**V** Om jou digitale kamera ten volle te benut, moet ’n mens die basiese beginsels van fotografie ken, en die tegniese kennis hê om jou kamera se verstellings reg te gebruik. Met ander woorde: jy moet weet waarvoor elke wieletjie en knoppie op die kamera is. Nie almal kan ’n suksesvolle fotograaf wees nie. Fotografie verg geduld.

**M** Wat, dink jy, is die belangrikste wat ’n fotograaf in ag moet neem?

**V** Die heel belangrikste is die lig – binne en buite. Net soos die goue medalje by die Olimpiese Spele, is goue lig eerste prys vir fotograwe. Jy het seker al van die “goue uur” gehoor, die uur net ná sonop en laatmiddag net voor sonsondergang? Dis wanneer die beste foto’s geneem word.

PAUSE 00’10’’

**M** En wat van kleur? Ek is mal daaroor om kleurvolle foto’s te neem.

**V** Kleur kan ’n belangrike aspek van ’n foto wees, maar dit moet reg gebruik word, en nie aandag aftrek van die hoofonderwerp nie. Moet jouself nie tot volkleur beperk nie. Onthou: swart-en-wit portrette en landskappe lyk tien keer mooier as in kleur.

© Cambridge University Press & Assessment 2024 

**M** Ek neem soms foto’s van voorwerpe wat vinnig beweeg, maar dis meestal ’n mislukking. Hoekom is dit so?

**V** Die lens of sluiter van ’n kamera moet baie vinnig oop- en toegaan as jy dié soort foto suksesvol wil neem. Jy moet dus vooraf die kamera se sluiterspoed stel om baie vinnig te wees en die aksie te vries. Dit sorg dat bewegende voorwerpe, soos renmotors of vinnige fietsryers, skerp en duidelik is op die foto.

**M** Ek wil graag beter word, maar ek is bang ek leer dalk nie genoeg op my eie nie.

**V** Jy kan ’n fotografiekursus volg. Jy leer die verskillende tegnieke om ’n verskeidenheid foto’s te neem, bv. blomme, sport, ’n sonsondergang of sonsopkoms, spelende kinders of ’n portret. Jy leer ook uit die terugvoering wat jy van jou kursusleiers kry oor die foto’s wat jy neem. ’n Mens leer mos uit jou foute.

PAUSE 00’10’’

**M** Baie dankie vir al die inligting, Lerato. Ek sal nou eers my kamera se handleiding aandagtig deurgaan, en daarna begin oefen. **

PAUSE 00’10’’

**V** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **

PAUSE 00’20’’

TRACK 5

SIGNAL

**M** **Oefening 4**

Kobus gesels met Marita, wat ’n seiljag besit.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’30’’

* SIGNAL

**M** Marita, jy reis op ’n seiljag oor die oseane van die wêreld. Hoe het dit gekom dat jy hierdie soort leefwyse so geniet?

**V** My pa was in die vloot en het ’n passie vir die see gehad. Die sout seelug was dus eintlik in my bloed. Ek trou toe met Deon wat graag geseil het, maar ek het eers glad nie daarin belanggestel nie.

**M** Ek weet jy het ook oorsee gewoon.

**V** Ja, Deon het ’n werk in Kanada gekry, en daar vir hom ’n boot gekoop. In die somermaande het ons op die mere gevaar. Ek het toe ook van seil begin hou, en wou selfs op ’n boot woon.

PAUSE 00’10’’

**M** En kon in Kanada hierdie idee toe werklikheid word?

**V** Nee, die lewe loop mos maar draaie met ’n mens. Ek en Deon is geskei, en ek het teruggekom na Suid-Afrika, want ek het die ondersteuning van my familie nodig gehad. Hier ontmoet ek toe vir Stephen wat ook soos ek oor seil gevoel het. Ons twee is getroud, en het later saam ’n seiljag van 13,5 meter gekoop waarmee ons op die see wou vaar.

**M** Het julle toe gou daarna begin vaar?

**V** Die boot was pragtig, maar baie verwaarloos. Ons wou graag aan wedvaarte deelneem. Dit het egter vyf jaar geneem om die boot op te knap voordat ons vir ons eerste kompetisie kon inskryf. Hierdie eerste wedvaart vanaf Kaapstad na Suid-Amerika was vir my ’n ongelooflike ervaring.

**M** Was jy nooit bang op die diepsee nie?

**V** Daar was tye toe dit beslis nie pret was nie. Ons het ’n storm met erge wind en reën beleef. ’n Mens moet op só iets voorbereid wees. Ek was nogal aan die stuur – dis eintlik my sterkpunt – en ons het darem oorleef. Snags het ek ook daarvan gehou om op wag te wees. Elke twee en ’n halfuur tydens die vaart het ons waghouskofte geruil. Die anker kan nie snags op die oopsee laat sak word nie, want die water is te diep. Een moet ook altyd op die uitkyk wees vir ander bote.

PAUSE 00’10’’

**M** En die lewe op ’n boot het toe julle leefstyl geword?

**V** Ja, dit was mos my droom. Maar ek kan jou verseker dit is nie vir almal bedoel nie. Selfs Stephen en ek het soms oorweeg om die boot te verkoop wanneer ons op die oopsee na vriende en familie verlang het. Dis ook harde werk. Die boot moes bedags skoongemaak word, en die dieselenjin gereeld gediens word. Die goeie dinge weeg egter vir ons verreweg swaarder as die slegte. Dis interessant en verfrissend om tussen eilande en lande te beweeg. ’n Mens leer ander tradisies en kulture ken.

**M** Is só ’n leefwyse op ’n boot baie duur?

**V** ’n Mens leef volgens jou begroting. Om te seil, is redelik goedkoop. Wanneer jy in hawens is, kan jy soms uiteet, maar ons het dit nie meer as een keer per maand gedoen nie. Ons vind ook uit waar jy goedkoop inkopies kan doen.

**M** Marita, ek is seker jy het genoeg avonture belewe om ’n boek te skryf oor jou en Stephen se seiljagervarings. Geniet die tyd op vaste grond hier in Suid-Afrika voordat julle weer anker lig en die seile span. **

PAUSE 00’10’’

© Cambridge University Press & Assessment 2024 

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **

PAUSE 00’30’’

SIGNAL

**M** Dit is die einde van die toets.

**E** This is the end of the examination.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (Cambridge University Press & Assessment) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge International Education is the name of our awarding body and a part of Cambridge University Press & Assessment, which is a department of the University of Cambridge.